**HELEEN POPE: VERSLAG AAN DIE 2013 ALGEMENE JAAR VERGADERING VAN DIE SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP**

**2013 RAAD PORTEFULJE – MERIETE, ERE-KLEURE EN SANESA**
**RAAD: DAGBESTUUR LID**
**SKOUKOMITEE LID**
**GAUTENG SA BOERPERD KLUB BESTUURSLID**

Dit is vir my 'n voorreg om my verslag rakende my protefulje en ander take wat ek verrig het vir die Genootskap gedurende 2012/2013 aan u deur te gee.

Ek wil graag my mede-raadslede, streekverteenwoordigers en die sekretaresse bedank vir 'n termyn van samewerking, 'n goeie gesindheid en ondersteuning waar ons mekaar met raad en daad bygestaan het om ons opgelegte take ten beste van ons vermoeëns te kon uitvoer. Dankie ook aan die lede vir die vertroue in my gestel.

Die volgende ruiters kwalifiseer hierdie jaar vir SA Boerperd Ere-Kleure:

1. Nicolene Scholtz – 30 Punte – Ruiterkuns
2. Olga Sfigakis – 28 Punte – Ruiterkuns
3. Olga Sfigakis – 36 Punte – 3-Gang
4. Simonè Jacobsz – 31 Punte – 3-Gang
5. Piet Uys – 32 Punte – 5-Gang
6. Wilanri van Zyl – 26 Punte – Dresseer
7. Shaun Williams – 27 Punte – Skouspring

Verskeie ruiters was baie naby aan die 26 punte oor 'n 4 jaar periode. Werk hard, woon die skoue by en volgende jaar is dit dalk vir julle ook beskore. Baie geluk aan bogenoemde ruiters die prestasies is welverdiend!

Meriete sertifikate word aan die volgende suksesvolle aansoeke vir Ryperde toegeken:

1. Jurust 86 Fire – Jurust Stoet – 104 Punte – 5-Gang - Goud
2. Carel Hancke Joe Black – Kylin Stoet – 77 Punte – Ry Klasse – Silwer
3. Vuurslag Flenters – Geepad Stoet – 63 Punte – Ry Klasse – Brons
4. Opstaan Once Again – Buka Stoet – 34 Punte – Bouvorm – Brons
5. Opstaan Once Again – Buka Stoet – 69 Punte – Ry- en Tuig Klasse – Brons
6. Maak 'n Plan Mielies – Maak 'n Plan Stoet – 56 Punte - Ry- en Tuig Klasse – Brons
7. Opstaan Rafel – Maak 'n Plan Stoet – 55 Punte – Bouvorm – Silwer
8. Maak 'n Plan de la Rey – Maak 'n Plan Stoet – 28 Punte – Bouvorm – Brons
9. Maak 'n Plan de la Rey – Maak 'n Plan Stoet – 42 Punte – Ry Klasse – Brons
10. Stygriem Doleriet – Kanniedood Stoet – 35 Punte – Bouvorm – Brons
11. Stygriem Doleriet – Kanniedood Stoet – 40 Punte - Ry- en Tuig Klasse – Brons
12. Louwvliet Rufus – Louwvliet Stoet – 103 Punte – Ry Klasse – Goud
13. Burgerstrots Gedenk – Hoefstraal Stoet – 67 Punte – Ry Klasse – Brons
14. Calista Generaal – Hoefstraal Stoet – 140 Punte – Ry Klasse – Goud

15. Goudhoek Willem – Hoefstraal Stoet – 118.5 Punte – Ry Klasse – Goud
16. Lang Carel Viceroy – Hoefstraal Stoet – 157 Punte – Ry Klasse – Goud
17. Michmar Dolfyn – Hoefstraal Stoet – 130 Punte – Ry klasse – Goud
18. Pandan Elodie – Hoefstraal Stoet – 82 Punte – Ry Klasse – Silwer
19. Ludwig Topaz – Ludwig Stoet – 235 Punte – Bouvorm – Diamant
20. Ludwig Topaz – Ludwig Stoet – 145.5 Punte – Ry klasse – Goud

Baie geluk aan almal. Ek wil graag vir Chris Koch van die Ludwig Stoet uitsonder met die Diamant Meriete wat Ludwig Topaz ontvang want dit is die eerste keer in die geskiedenis van die SA Boerperd Telersgenootskap dat daar Diamant meriete verdien word in Bouvorm.

Die SA Boerperd se deelname aan SANESA skoue groei elke jaar met rasse skrede en die SA Boerperde presteer uitstekend in al die dissiplines wat daar aangebied word Nasionaal. Dankie aan Jan Joubert wat vir ons 'n lys van al die SA Boerperde deur SANESA se rekenaar program kon bewerkstellig. Daar is 155 SA Boerperde wat hierdie jaar aan die Nasionale Kampioenskappe gaan deelneem. Sommige perde wat as "Boerperde" op van die lyste verskyn is nie identifiseerbaar as geregistreerde SA Boerperde nie en daar lê baie werk voor om SANESA ruiters aan te moedig om voorvoegsels vir hulle perde te gebruik om in aanmerking te kom vir Genootskap toekennings. Aangesien die SANESA Kampioenskappe terselfdertyd as ons SA Boerperd Nasionale Kampioenskappe plaasvind, het die Dagbestuur dit goedgedink om die deelname sertifikate van SA Boerperde, eers nadat die finale uitslae bekend gemaak word, aan die betrokke ruiters te oorhandig. Daar sal besluit word op watter wyse dit sal geskied wat die mees praktiese en uitvoerbare metode sal wees maar erkenning sal wel gegee word.

Dit was dan ook vir my 'n voorreg om te kon dien op die Dagbestuur van die Genootskap waar ons amper op 'n daaglikse basis per epos en telefonies met mekaar gekommunikeer het oor besluite, navrae, redenasies en voorstelle. Ek het 'n Dagbestuur Besluite register/Notule saamgestel en op datum gehou waar alle besluite genotuleer was asook die Dagbestuur vergaderings. Afskrifte van eposse en ander korrespondensie aan die Dagbestuur/Raad wat die Notules ondersteun is saam met die lys geliaseer. Die Dagbestuur notules was by Raadsvergaderings voorgelê.
As Dagbestuur lid het ek die SA Stamboek Perdeforum vergadering, waar verskillende rasse verteenwoordig was, in Bloemfontein bygewoon waar die nuwe regulasies van SASCOC en SAEF en die pad vorentoe bespreek was.

Ek het 'n nuwe Handleiding vir Skou Etiket vir Beoordelaars en Beamptes vir opleiding/kursus tweetalig saamgestel en dit is suksesvol tydens die afgelope opleidingskursus gebruik. Ek het ook opgetree as verteenwoordigende Raadslid tydens die kursus aangesien ons President, as gevolg van werksomstandighede, nie daar kon wees nie. Ek het verslag oor die kursus aan die President gedoen.

My betrokkenheid tydens die sentrale hingskeuring te Frankfort, in opdrag van die President, was ter ondersteuning van die sekretaresse vir die administratiewe werk asook vir die Stil Veiling.
Ek het verslag aan die President gedoen.

In samewerking met en ondersteuning van die Skoukomitee het ek nuwe skou klaslyste met die korrekte klasbeskrywings opgestel. Daar is nou 'n tweetalige volledige meester klaslys wat volgens verskillende dissiplines numeries gelys word. Uit daardie lys het ons 'n minimum klaslys vir Streek Skoue saamgestel. Die lyste verskyn op die webblad. Die Skoukomitee het deurentyds hierdie jaar hard gewerk om 'n sukses van al die skoue te maak en om alles volgens reëls en regulasies te laat verloop. Dankie aan ons Voorsitter vir sy leiding.

As bestuurslid (waarnemende sekretaresse) van die Gauteng SA Boerperd Klub was ek betrokke by die reël en organisering van die Gauteng Streek Kampioenskap Skou te Misty Meadows.

Heleen Pope – 20 Aug 2013